

31 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 118 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 118:28

Lof oor die liefde van God

Psalm 118 is 'n grootse psalm. Die hervormer Luther het van Psalm 118 gesê: “Hierdie is my psalm wat ek voorwaar liefhet.” Verse wat betekenis inbou in menselewens. 'n Lof- en dankpsalm uit die mensmond omdat God se kind in die liefde van die Here veilig is, ondanks wat ook al gebeur ...

Blaai deur die besondere psalm en word opnuut geïnspireer om saam te sê in getuienis: “Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie ...” Die Here se liefde wat konkreet in die lotgevalle van die individu geïllustreer word. Die mens ... jý wat die psalm lees en jouself daarin vind, wat onthou dat jy op grond van die wonderbaarlike redding van menskinders die Here wil loof en dank. Want dié psalmwoorde bevestig dat God se genade en mag om die lot van 'n nietige mens te verander, 'n werklikheid is.

En daarom besef ek opnuut dat dit Hy is wat ook my lot verander, want:

- in my nood roep ek ... Hy hoor en bevry
- aanvalle kon ek afslaan ... in die Naam van die Here
- as my vyand my soos bye pak, is dit die Here wat hulle soos doringtakke in 'n vuur laat wegraak tot as.

En daarom is daar 'n fees in my lewe. 'n Werklikheid. Want die Here doen kragtige daade. Genoeg rede om van die daade van die Vader te vertel. Sy goedheid en liefde. En wat God kan doen, neutraliseer enige vyandige daad van enige mens. Daarom is dit die allerbeste om by Hom te skuil. Naby Hom met lofwoord en blydschap, want daar is geen einde aan sy liefde nie. Só lief is Hy vir sy kind dat Christus Jesus mens geword het. Die volheid van die aardse werklikheid beleef het. Hoe groot kan my Vader se liefde dan wees? Kan ek dan ooit stilbly oor Hom wat kragtige daade doen? Allermens. Ek lofsing. Ondanks alles rondom my is ek bly. Bly dat al sal daar eens 'n einde aan die stukkende aarde kom, aan my Here se liefde is daar geen einde nie.

Psalm 118 in my Here se Woord ingeskryf, lofsing ek in die tyd iets van die lied van die ewigheid:

“U is my God, ek loof u grootheid, ek loof die wonders van u hand.
Kom, loof die Here om sy goedheid; sy liefde hou vir ewig stand ...”

Sing: Psalm 146:1 (2001-omdigting)

Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)